**Skriflesing:** Openbaring 21:1–27; 22:5
**Tema:** Mense van die lig is oppad na die volmaakte lig.

Ons leef in 'n wêreld wat stukkend en vol duisternis is. Van ons dra swaar aan ons eie seer van gebroke verhoudings of siekte of die dood van geliefdes, teleurstellings, bekommernisse of ons stryd teen sonde. Ons beleef geweld, korrupsie en natuurrampe. Ons kry swaar.
En ons wonder of dinge ooit sal beter word? Sal die lig ooit volmaak deurbreek?

Die antwoord van Openbaring 21 is 'n kragtige: **Ja!**
Die Bybel eindig nie met oordeel nie, maar met vryspraak en hoop; nie met die mag van die bose nie, maar met die finale oorwinning van God; nie met trane nie, maar met vreugde.
God se finale woord oor sy kinders is nie pyn of stukkend nie, maar volmaakte heerlikheid.

Johannes deel hier met ons ‘n kykie op die eindbestemming waarheen ons as God se kinders oppad is.

1. **Ons lewe op aarde is ons tydelike adres. God belowe aan ons ‘n permanente adres wat vir ons wag; 'n nuwe nuwe hemel en 'n nuwe aarde.**

Die Bybel begin met die skepping in Genesis 1. Nou eindig die Bybel met 'n nuwe skepping.
Die sondeval het God se goeie skepping beskadig. Die wêreld, wat eens volmaak was, is deur sonde, dood en verval aangetas. Maar God laat nie sy skepping vaar nie. Hy gee nie sy plan met ons as mense prys nie.
God maak, deur Jesus Christus, alles wat deur sonde gebreek is, heel. En aan die einde maak Hy alles volmaak heel. In Openbaring 21:5 sê Hy: "Kyk, Ek maak alles nuut."

Miskien voel jy vandag dat jou lewe gebreek is as jy jy kyk na jou gesondheid, na jou huwelik of na jou kinders of ouers. Wanneer ons kyk na ons land en ons wêreld, is dit duidelik dat dit baie stukkend is.
Die Here sê: “Hou moed, **Ek is nog nie klaar nie.** Ek is nie weg nie, ek is opweg na julle toe.
Die God wat die wêreld geskep het, is ook die God wat alles gaan herskep en volmaak nuut gaan maak.

**Aan God se einde van tyd, sal sy nuwe hemel en aarde neerdaal na ons.**

**2. Hierdie nuwe hemel en aarde is groot en glansryk.**
Die stad word beskryf soos 'n bruid wat vir haar bruidegom versier is.
Die glans van die stad kom van die glorieryke teenwoordigheid en heerlikheid van die Vader en die Seun in die stad. Daar is geen son of maan meer nodig nie, want God se heerlikheid verlig alles.

Daar is geen tempel nie. Waarom is dit so? Die tempel is deur die Ou Testamentiese gelowige gesien as die woonplek van God. Nou is God, die Vader, en die Seun persoonlik teenwoordig.

Die poorte van die stad staan oop. Daar is geen diefwering of alarmstelsels nie, want die bose is finaal uit die weg geruim.

Die geskiedenis van God se verlossing word voltooi. Alles waarvoor Christus gesterf en opgestaan het, alles waarvoor ons as sy die kerk gewag en gehoop het word uiteindelik waar!

**3. God self kom by ons bly!**
Johannes hoor 'n stem uit die hemel: "Kyk, die woonplek van God is nou by die mense." (Openbaring 21:3)

Dit is een van die hoogtepunte van die hele Bybel. Van Genesis af verlang God daarna om by sy mense te wees. In Eden het Hy met Adam en Eva kom wandel, selfs nadat hulle in sonde geval het. In Jesus het God mens geword en onder ons kom woon.

Maar nou, in die nuwe skepping, word hierdie gemeenskap volkome. Daar sal geen afstand of skeiding meer wees nie. God sal ongehinderd en in volmaaktheid vir ewig by ons bly. God sal by ons wees as ons God en ons sal vir altyd by Hom wees as sy kinders. Ons sal volmaak en vir ewig saam wees.

**4. God sal ons trane afvee.**
In Openbaring 21:4 lees ons een van die mooiste verse in die Bybel: "Hy sal al die trane van hulle oë afdroog." God stuur nie 'n engel nie. Hy doen dit self. Soos 'n liefdevolle Vader wat sy kind vertroos, droog hy elke traan af.

Eintlik is hierdie ‘n vreemde vers, want in die hemel sal daar geen nagevolge van sonde meer wees nie. Die dood sal daar nie meer wees nie en ook nie leed, smart of pyn nie.

Daar sal dus geen rede wees om te huil nie. Dit is waarskynlik trane van lyding en ellende van die verlede wat God sal afvee.

Van ons is vandag hartseer. Ons mis geliefdes, worstel met siekte of is bekommerd oor die toekoms. Openbaring 21 herinner ons dat hierdie seer wêreld nie ons eindbestemming is nie. Ons is, deur hierdie duisternis, oppad na die nuwe toekoms in die lig van die teenwoordigheid van God.

Daarom leef ons nou met hoop. Ons toekoms is net onseker vir die tyd wat ons nog op aarde is. Die wêreld is nie onkeerbaar oppad na ‘n chaotiese of onbekende einde nie. Die einde van ons verhaal is reeds bekend. God het die laaste hoofstuk klaar geskryf. Jou en my lyding en duisternis is nie die laaste hoofstuk nie. God se nuwe wêreld is oppad.

**Afsluiting**
Die nuwe wêreld, waarvan God self sê: "Kyk, Ek maak alles nuut.", is oppad. Hy maak nie sommige dinge nie, maar alles nuut.

Daarom tel ons as mense van die lig ons koppe op en ons kyk in geloof verder as die duisternis van hierdie wêreld. Ons is oppad na die volmaakte lig.

Ons sien die dag wanneer sonde en die dood finaal vernietig word. God sal self by sy mense kom woon. Hy sal self elke traan afdroog wanneer ons die Here van aangesig tot aangesig sal sien en in ‘n volmaakte persoonlike verhouding met Hom sal staan.

Tot dan leef ons in geloof en hoop en met afwagting. En saam met die kerk van alle eeue bly bid ons opgewonde die voorlaaste vers van die Bybel: **"Amen. Kom, Here Jesus!"**
(Openbaring 22:20)
Amen.